# DIE VESTIGING VAN DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK IN 1853 EN DIE EERSTE AFSKEIDING VAN LYDENBURG IN 1854 — KERKREGTELIKE IMPLIKASIES *).

In die laat dertigerjarige van die vorige eeu het die groot uittog van die Afrikaanssprekende grensboere vanuit die Britse Kaapkolonie na die binnelande van Suidelike Afrika plaasgevind. Afgesien van die betekenis wat die Groot Trek gehad het en het vir die politieke en kulturele geskiedenis van die Afrikaner het dit ook op kerklike vlak sy gevolge gehad en die kerklike geskiedenis beslissend beïnvloed. Die feitelikheid van die bestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika naas die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is een van die gevolge van die Groot Trek wat tot vandag toe nog sy invloed oefen. Want die Voortrekkers het oral waar hulle in die binnelande van Suidelike Afrika hulleself gevestig het nie alleen die weg gebaan vir en die fondamente gelê van die blanke, christelike beskawing nie, maar hulle het ook die Christelike Kerk geplant. Dit was nie alleen tot heil van die blanke nie maar óók van die nie-blanke wat, in hulle suidwaartse tog deur Afrika, met blanke hier in die binnelande in aanraking gekom het.

Die feit dat die Voortrekkers hier in die binneland die Christelike Kerk geplant het, het gebeur nieteenstaande die feit dat die gevestigde Kerk in die Kaapkolonie die Groot Trek skerp veroordeel het [1]). Die feit dat geen enkele predikant van die Kaapse Kerk die Groot Trek vergesel het nie, moet dan hoofsaaklik aan hierdie afwysende houding toegeskryf word [2]). Die pogings van die Voortrekkers om predikante te kry, hetsy uit die Kaap, hetsy uit Nederland, om hulle op die Trek te vergesel of

---

*) Referaat gehou op die Kongres van die Kerkhistoriese Genootskap van die Ned. Herv. Kerk gehou te Pretoria op 19 Oktober 1964.

1) Vgl. A. Dreyer, *Die Kaapse Kerk en die Groot Trek,* Kaapstad 1929, bls. 1 - 9 waar amptelike en ander gegewens verstrek word om aan te toon dat die gevoel onder 'n groot deel van die predikante geleef het dat dit vir die Oosgrensboere nog altyd beter onder die Britse vlag as in die woeste wildernis sal wees. Vgl. ook S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika,* Pretoria-Kaapstad 1953, bls. 42. Sien ook *De Zuid-Afrikaan,* 1 Junie 1838. Van kerklike kant is daar ook getrag om die wegtrek van die mense uit die Kaapkolonie te rem deur daarop te wys dat die Trekkers hulle voorregte in die binnelande sal moet ontbeer. Oor die aangeleentheid van die „sydelingse sensuur" waartoe die Ring van Graaf-Reinet besluit het ten opsigte van diegene wat weggetrek het, vgl. A. Dreyer, *a.w.,* bls. 27 - 39.

2) Hierdie afwysende houding word teologies gemotiveer in die *Herderlijke Brief* van die Sinode van 1837. Die indruk word vanweë die hoë verwagtings wat van die bewind van koningin Victoria gekoester word, geskep dat politieke motiewe hier ook 'n rol gespeel het. Die teologiese gedagte was egter dat die Voortrekkers hulle skuldig gemaak het aan die sonde wat in die Nagmaalsformulier genoem word: skeuring in kerklike en wêreldlike regering. Maar dit het terselfdertyd dan geïmpliseer en erken dat die Voortrekkers 'n selfstandige kerklike organisasie kon vestig en gevestig het nadat hulle uit die Kolonie getrek het.

om hulle in die binneland, waar hulle hulle gevestig het, te bearbei, het ook geen gunstige gevolge gehad nie [3]). Die gevolg hiervan was dat die Voortrekkers geen ander keuse gehad het as om, terwille van die geestelike bearbeiding, maatreëls te tref wat maar die beste onder die omstandighede was nie. Die eerste belangrike stap wat hier gedoen is, was dat Piet Retief, na sy verkiesing tot Trekleier, Erasmus Smit as herder en leraar aangestel het. Op 23 Mei 1837 is Smit in die amp bevestig met gebruikmaking van die gewone bevestigingsformulier [4]). Reeds vroeër dieselfde jaar is 'n Kerkraad gekies wat bestaan het uit Stefanus Maritz as ouderling en S. A. Cilliers en Ch. Viljoen as diakens [5]). Erasmus Smit het eers ses maande na sy bevestiging 'n eie Kerkraad gekry wat bestaan het uit F. Retief en C. van der Merwe as ouderlinge en C. Liebenberg en R. Dreyer as diakens. Die eerste begin van 'n normale kerklike organisasie word dus reeds vroeg onder die Voortrekkers aangetref en dit is belangrik om daarop te let dat dit van die begin af 'n selfstandige, eie, kerklike organisasie was. Dit word verder onderstreep deur die besluit dat die **Algemeen Reglement voor het Bestuur der Nederduitsche Hervormd Kerk in Zuid-Afrika,** die 1824 Kerkwet van die Kaapse Kerk, vir soveer toepaslik, as kerklike wet deur die Voortrekkers aanvaar is [6]). Daarby is 'n Doop- en Lidmaatregister deur Erasmus Smit aangelê en hy noem hierdie kerklike gemeenskap van die Voortrekkers „de Gereformeerde Kerk reizende door S.O. Afrika" [7]). Die Voortrekkers het, deur 'n sodanige eie, kerklike organisasie in die lewe te roep, duidelik te kenne gegee dat die Kaapse kerklike organisasie assodanig nié meer op hulle van toepassing was nie. Dit het óók geblyk uit die feit dat meeste van die Voortrekkers met hulle kerklike attestate in hulle besit, die Kolonie verlaat het. Dat die Voortrekkers hulle vertrek uit die Kolonie nié beskou het as 'n skeuring in die leer nie, spreek eintlik vanself want hulle het tog voortdurend getrag om predikante uit die Kaapse Kerk te verkry.

Die selfstandigheid van die Voortrekkers op kerklike gebied word in Natal, na hulle aankoms en vestiging aldaar, deur 'n paar aangeleenthede verder duidelik gemaak. Op 7 Maart 1840 is ds. P. K. Albertyn deur die Volksraad beroep nadat die Kerkraad die Volksraad so ver-

---

3) Vgl. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 10 vg. Sien ook S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 38 vg.

4) Die feit dat Erasmus Smit deur sommige in die Trekkergemeenskap nié aanvaar is nie verander nie aan die feit dat hy deur die merendeel as behoorlik-bevestigde predikant beskou is en assodanig sy amp bedien het. Vgl. ook A. Dreyer, *a.w.*, bls. 22 en 194.

5) Vgl. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 11 voetnoot 2.

6) S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 48.

7) G. B. A. Gerdener, *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Transgariep*, Kaapstad 1930, bls. 8. Vgl. ook J. J. Oberholster en M. C. E. van Schoor, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje Vrystaat*, bls. 28.

soek het [8]. Na sy bedanking is ds. Daniel Lindley in 1840 deur die Volksraad aangestel tot predikant van die Voortrekkergemeenskap met standplaas te Pietermaritzburg terwyl hy ook dienste gehou het te Weenen. Winburg en Potchefstroom — dus vir die hele Voortrekkergemeenskap wat onder die gesag van die Volksraad geresorteer het [9]. Dit was tydens sy ampstermyn as Voortrekkerpredikant dat die gemeente Potchefstroom op 23 Februarie 1842 deur die Volksraad in die Oorvaalse gebied gestig is. Terselfdertyd is drie ouderlinge en vier diakens van hierdie eerste Voortrekker gemeente noord van die Vaalrivier aangestel en op 26 en 27 Maart 1842 deur ds. Lindley in hulle onderskeie ampte bevestig [10]. Die selfstandigheid wat die optrede van die Voortrekkers op kerklike gebied gekenmerk het, word deur hierdie optrede andermaal onderstreep. Afgesien van die feit dat die organisatoriese grense van die Kaapse Kerk tot die landsgrense van die Kaapkolonie beperk was [11], is dit uit die vorafgaande duidelik dat die Voortrekkers self die standpunt ingeneem het dat hulle 'n eie kerklike organisasie naas en saam met die staatkundige orde in die Voortrekkerrepubliek moes bou en dit ook gedoen het. Hierdie kerklike organisasie in die Voortrekkerrepubliek was dan ook volledig-onafhanklik van die Kaapse kerklike organisasie. Dit is nodig om hierop klem te lê anders kan die volgende gebeure nie reg verstaan word nie [12].

---

8) Vgl. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 19.

9) Edwin W. Smith, *The Life and Times of Daniel Lindley*, Londen 1949, p. 169 wat daarop wys dat Lindley ook Kerkraadslede bevestig het sodat hy met 'n Kerkraad sy ampswerk in 'n *selfstandige* gemeente gedoen het.
Vgl. ook G. B. A. Gerdener, *a.w.*, bls. 5 waar die sekretaris van die American Board of Commissioners for Foreign Missions se skrywe aan Landdros J. Boshoff van Pietermaritzburg aangehaal word: we cheerfully gave permission to his becoming a Pastor in the Dutch Reformed Church of South Africa. Nodeloos om te sê is Lindley nié deur die Kaapse Kerk gelegitimeer of beroepbaar gestel vir die werk onder die Voortrekkers nie. Dit is dus 'n handeling heeltemal onafhanklik van die Kaapse Kerk met wie die Voortrekkers géén organisatoriese band meer gehad het nie.

10) Vgl. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 62.

11) Vgl. die Kerkwet van die Kaapse Kerk soos gepubliseer in *Statute Law of the Cape of Good Hope*, Cape Town 1862, p. 609, 615-616. Vgl. ook S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 77. Sien ook die beredenering in hierdie verband by J. J. Oberholster, *a.w.*, bls. 66 vg.

12) J. J. Oberholster, *a.w.*, bis. 76 betoog as volg oor die Voortrekkerkerk in die Vrystaatgebied: So 'n standpunt impliseer dat voor hierdie datum, 1862, nooit 'n „Kerk" los van die Kaapse N.G. Kerk in die Vrystaat sou bestaan het nie. Dit is histories nie die geval nie, want met die stigting van die gemeente Winburg in 1842 deur Ds. Lindley het daar wel 'n „Kerk" los van die Kaapse sinodale verband in die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier ontstaan. Dit is eers in 1850 dat hierdie streek as die Transgariepse Ring (wat Natal ingesluit het) direk onder die Kaapse Sinode tuisgebring is . . . . Die periode 1842 - 1850 is dus in alle opsigte sinoniem met die periode 1862 - 1864. In geeneen van hierdie periodes het die „Kerk" in die Vrystaat onder Kaapse sinodale band gestaan nie".

Die Potchefstroomse gemeente van die Voortrekkerkerk het sy selfstandige bestaan voortgesit nadat eers die Natalse en daarna die Vrystaatse deel van die onafhanklike Voortrekkerrepubliek deur Engeland geannekseer is. Kerklik is die Natalse gemeentes van die Voortrekkerkerk in 1846 oorgeneem deur die Kaapse Kerk nadat die eerste Kaapse predikant, feitlik direk nadat die Engelse vlag in Natal gehys is, wel beskikbaar was om in Natal te werk [13]). Dieselfde het gebeur in 1848 met die anneksasie van die Vrystaatse gebied deur Sir Harry Smith wat in sy proklamasie van 14 Maart 1849 bepaal het : „The Dutch Reformed Churches within the District will be under the supervision of the Synod of that Church in the Colony" [14]). Hierdie optrede, wat die Vrystaatse gebied betref, is in 1850 kerklik afgehandel met die instelling van die Ring van Transgariep deur die Kaapse Kerk en in hierdie Ring is die bestaande gemeentes in Natal en die Vrystaat opgeneem in die Kaapse organisatoriese verband.

Met die konstituering van die Ring van Transgariep het die Kaapse Sinodale Kommissie besluit om die gemeentes „in de Souvereiniteit, in vereeniging met Natal" in dié Ring op te neem. Die gemeentes in die Oorvaalse gebied word hier nie eers genoem nie wat as 'n verdere bewys gesien kan word dat die Kaapse Kerk self nié die gemeentes gereken het as behorende by die Kaapse Kerk nie. Die Kaapse Kerk immers het destyds alleen dié gebiede in Suidelike Afrika waar die engelse vlag gewaai het, as deel van sy geestelike verantwoordelikheid aanvaar [15]).

Dit het beteken dat die lidmate in die Oorvaalse gebied wat kerklik onder die gemeente Potchefstroom geresorteer het, die enigste deel van die organisatories-onafhanklike Voortrekkerkerk was wat nou buite die Kaapse kerklike organisasie bly voortbestaan het. Uit hierdie Potchefstroomse gemeente wat aanvanklik die hele gebied omvat het wat deur die Voortrekkers noord van die Vaalrivier bewoon is, het daar mettergaan ander gemeentes gegroei. Op 16 November 1850 is die gemeente Rustenburg aan die hang van die Magaliesberge gestig [16]) en ongeveer in dieselfde tyd het die gemeente Lydenburg in Oos-Trans-

---

13) Vgl. S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 49 asook A. Moorrees, *Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1652 - 1873*, Kaapstad 1937, bls. 902.

14) S. P. Engelbrecht, *G. D. Scholtz se Geskiedenis van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg. XIII, Pretoria 1957, bls. 11.

15) *De Gereformeerde Kerkbode*, Dl. II, 1850, bls. 314.

16) S. P. Engelbrecht, *Die Ned. Hervormde Gemeente Rustenburg* 1850 - 1950, bls. 13.

vaal ontstaan [17]) terwyl die vierde gemeente, Zoutpansberg, op 30 April 1852 in die Noordelike Transvaal tot stand gekom het [18]).

Hoewel hierdie gemeentes wat geen formeel-organisatoriese band met mekaar gehad het nie en ook nog onahfanklik van die Kaapse kerklike organisasie was, het hulle op meerdere of mindere wyse **die geestelike band** met die Kerk in die Kolonie probeer vashou. Herhaaldelik is beroepe op die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk gemaak [19]) om die herderlose toestand te beëindig terwyl in die jare 1850 - 1851 drie beroepe op predikante uitgebring is [20]). Die meerderheid van die gevoelens in die Transvaalse gemeentes was egter dat hulle nie hulle weg oopgesien het om hulle kerklike onafhanklikheid prys te gee om, na die bring van hierdie offer, dan wél 'n predikant uit die Kaap te ontvang nie. Daarom is die aanbod van ds. Andrew Murry in 1851 om 'n afgevaardigde uit Transvaal na die sitting van die Ring van Transgariep te stuur, ook pertinent afgewys [21]). Die gedagte om die onafhanklike Transvaalse gemeentes tóg in te trek en op te neem in die Kaapse kerklike organisasie het egter by die Kaapse predikante en Kerk steeds lewend gebly. Hierdie hele aangeleentheid het dan ook pertinent ter sprake gekom in 1852 toe die derde, amptelike deputasie van die Kaapse Kerk na die Voortrekkers gestuur is en wat bestaan het uit ds. Andrew Murray jnr. en ds. J. H. Neethling van Prins Albert [22]). 'n Kerkraadsvergadering is op 21 Mei 1842 te Potchefstroom belê waar oudl. Schutte die gemeente Rustenburg en die gemeente Lydenburg deur die twee besoekende predikante verteenwoordig is. Hierdie gekombineerde Kerkraadsvergadering het veral in-

---

[17]) Die presiese stigtingsdatum van die gemeente Lydenburg bv. die datum van die bevestiging van die eerste Kerkraadslede is nie meer vas te stel nie. Die Volksraad het op 24 September 1849 twee ouderlinge en diakens vir Lydenburg benoem. Vgl. *Notule van die Volksraad van die S.A.R., S.A. Argiefstukke,* Transvaal No. 1, Kaapstad s.j., bls. 108. Hoewel Ds. A. Murray jnr. teen die einde van 1850 met sy besoekreis aan Transvaal ook in Lydenburg was, maak hy nie melding van die feit of hy in Lydenburg Kerkraadslede bevestig het nie. Vgl. *De Gereformeerde Kerkbode,* 1851, blz. 61 - 64.

[18]) S. P. Engelbrecht, *Die Ned. Herv. Gemeente Pietersburg* (Zoutpansberg) 1852 - 1952, bls. 11.

[19]) *De Gereformeerde Kerkbode,* 1853, blz. 346 - 347.

[20]) Vgl. S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die NHK.,* bls. 65.

[21]) Vgl. S. P. Engelbrecht, *a.w.,* bls. 65 - 66; asook S. P. Engelbrecht, *G. D. Scholtz se Geskiedenis van die N.H. of G. Kerk,* bls. 14. Daar moet egter op gewys word dat in Desember 1848 'n adres aan Ds. P. E. Faure en Dr. Wm. Robertson, tydens hulle besoekreis aan Transvaal, aangebied is deur Kerkraadslede en ander invloedryke persone te Magaliesburg. Hierdie adres, o.a. onderteken deur een ouderling en twee diakens en A. W. J. Pretorius en A. H. Potgieter meld onder andere: en indien wij dan mede als eene gemeente onder de Zuid Afrikaansche Hollandsch Gereformeerde Synode opgenomen en bestuurd mogen worden, dan!, ja dan! zouden wij nog weder hoop krijgen . . . . " Vgl. A. Dreyer, *a.w.,* bls. 146.

[22]) Vgl. A. Dreyer, *a.w.,* bls. 168 vg.

gegaan op die vraag hoe 'n predikant vir die selfstandig-bestaande Voortrekkerkerk verkry kon word.

Uit die amptelike stukke wat oor hierdie vergadering beskikbaar is, is dit duidelik dat die amptelike Kaapse afvaardiging alleen bereid sou wees om te bemiddel sodat 'n predikant uit die Kaap na Transvaal sou kom indien die gekombineerde Kerkraadsvergadering inlywing van die Transvaalse gemeentes in die Kaapse kerklike organisasie sou aanvaar [23]. Dit het hier dus gegaan om **die inlywing van die Transvaalse gemeentes** in die Kaapse kerklike organisasie [24]. Deur hierdie onderhandelinge **op amptelike vlak** is dit duidelik dat die Kaapse afvaardiging erken het dat die Transvaalse gemeentes nóg kerkregtelik nóg andersins deel uitgemaak het van die Kaapse kerklike organisasie nie. Op 21 en 22 Mei 1852 staan dit vas dat die Transvaalse gemeentes, hoewel hulle nog nie op die vlak van 'n sinodale vergadering saamgesnoer is nie, tog die begin van 'n onafhanklike en volledig-selfstandige kerklike organisasie verteenwoordig het.

Onder die leiding van en op voorstel van die Kaapse afvaardiging het die gekombineerde Kerkraadsvergadering 'n skrywe, opgestel deur Di. Murray en Neethling, aan die Volksraad gerig waarin die goedkeuring van die Volksraad gevra is op die vier vrae wat deur ds. Neethling aan die Kerkraadsvergadering gestel is en deur dié liggaam aanvaar is. Hierin was die eerste vraag die pertinente nl.

---

[23] Die skrywe van 23 Mei 1852 van Di. Murray en Neethling aan die Volksraad van die Z.A.R. namens die gekombineerde Kerkraadsvergadering, bevat 'n aantal foutiewe opmerkings t.o.v. die status van die gemeentes in Transvaal en hulle presiese verhouding t.o.v. die Kaapse Kerk. So word verwys na: de H.Eerw. Synode *onzer* Gereformeerde Kerk. Die feit dat 'n reeks voorwaardes gestel word *voordat* 'n Kaapse predikant na Transvaal sal kan gaan, dui reeds daarop dat die twee predikante terdeë besef het dat die Transvaalse gemeentes *de factor* nie meer deel was of kon wees van die Kaapse kerklike organisasie nie. I.v.m. die hier geldende stukke vgl. *Notule van die Volksraad van die S.A.R., S.A. Argiefstukke, Transvaal No. 2,* Kaapstad s.j., bls. 330 vg. 'n Interessante vraag is of hierdie gekombineerde Kerkraadsvergadering die bevoegdheid gehad het om 'n besluit te neem wat al die gemeentes en daarom die hele Kerk in die Oorvaalse kon bind. Gesien dat dit alleen die bevoegdheid van 'n sinodale vergadering is en hierdie vergadering beslis nié 'n sinodale vergadering is nie, kan die wettigheid van hierdie ingrypende versoek wel onder 'n vraagteken kom. Egter vanweë die argeloosheid waarmee op kerkregtelike terrein gehandel is, is hierdie vraagstuk byna nie oplosbaar ni.e Die feit egter dat die Volksraad hierdie versoek oorneem, verander die situasie ook tot in 'n mate wat die Kaapse Sinode betref. Omdat die verhouding van die Kerk tot die Owerheid in die Oorvaalse ook nog nie duidelik omskrywe was nie, bly die vraagtekens staan.

[24] Hier verwys Ds. Neethling bv. na die: erkentnis van het geestelijk gezag der Synode, wat daarop dui dat dit voorheen nié in Transvaal erken was nie.

„Zal de Leraar, zullen de Leeraren der maatschappij, leden blijven van de Synode der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, en blijven de gemeente alhier, hoewel burgerlijk afgezonderd, geestelijk onder de zorg en gezag van de Synode?"

Die Volksraad het na „rijp overleg" hierdie voorwaarde ook aanvaar en daarmee was die weg geopen dat die hele angeleentheid deur die Kaapse Kerk oorweeg kon word. Dit is egter nodig om daarop te let dat die Volksraad in sy antwoord van 23 Junie 1852 dit duidelik suggereer dat die herderloosheid van die Transvaalse gemeentes die belangrikste oorweging tot toestemming van die voorwaardes was [25]). 'n Ander uitkoms was daar vir die Volksraad en die gemeentes in Transvaal nie. S. P. Engelbrecht merk in hierdie verband op [26]).

„Halfhartig en onder pressie is aan die eis en ultimatum van ds. Neethling toegegee, want dit was noual sestien jaar dat die Voortrekkers in Transvaal gekom het, en nog altyd was hulle sonder predikant. Maar hulle het die hele saak as ‚afgeperst' beskou".

Uit die daaropvolgende gang van sake word dit duidelik dat die Transvaalse gemeentes 'n versoek aan die Kaapse Kerk voorgelê het. Die antwoord van die Kaapse Kerk op hierdie versoek sou nog eers deur die Transvaalse gemeentes finaal bekragtig moes word alvorens die inlywing self ook finaal genoem sou kon word [27]).

By die Sinode van die Kaapse Kerk van Oktober 1852 het dié hele aangeleentheid by wyse van 'n beskrywingspunt van Di. Murry en Neethling ter tafel gekom. Nadat die aangeleentheid bespreek is en ook nog 'n regsopinie ingewin is of dit, gesien die Kaapse Kerkwet wel wettig was om die Transvaalse gemeente in te lyf [28]), is besluit [29]):

---

[25]) In die skrywe van die Voorsitter van die Volksraad, C. Potgieter aan Di. Murray en Neethling, word dit as volg gestel: weshalve de WelEdele Volksraad, U, WelEerw. Zeergel. Heer Neethling, als agent, ten vriendelijkste verzoekt, toch alles aan te willen wenden, wat in uw vermogen is, opdat wij ook eenmaal een Leeraar in ons midden mogen ontvangen . . . . O! dat onze bede eens gehoord en verhoord worde, dat wij het voorregt smaken om ook een herder onder ons te zien . . . .

[26]) S. P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die N.H.K.*, bls. 76, 85.

[27]) Vgl. S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 77.

[28]) Vgl. A. Dreyer, *a.w.*, bls. 177 waar die regsopinie van die Prokureur-Generaal gesiteer word. Die Hofuitspraak van 1862 oor die grense van die Kaapse Kerk het hierdie opinie egter omvergewerp en in die lig van dié uitspraak is dit duidelik dat die voorgestelde inlywing van die Transvaalse gemeentes in die Kaapse kerklike organisasie buitendien *nietig* was.

[29]) A. Dreyer, *a.w.*, bls. 180.

„De inlijving van de Overvaalsche Gemeenten woorde daargesteld".

In sy kennisgewing van hierdie besluit aan die Owerheid stel die Assisten-Skriba van die Sinode die saak as volg [30]):

„ . . . , . the Synod . . . . did accordingly resolve that those congregations (d.i. die Transvaalse) should be so incorporated".

Ook in die skrywe van die Sinode aan die Volksraad word die hele aangeleentheid van die inlywing as 'n voldonge feit beskou want daar word gestel [31]):

„ . . . . heb ik de eer U Hoog Ed. ter kennis te brengen dat in de zitting van 21 October dezes jaar besloten is tot de inlijving in onze Kerk van de Gereformeerde gemeenten aan de overzijde van de Vaal Rivier".

Die Aktuaris van die Sinode, dr. A. Faure, was egter van oordeel dat die Transvaalse gemeentes en die Volksraad hierdie Sinodebesluit oor die inlywing eers nog finaal moes bekr agtig. In Maart 1853 skrywe hy aan sy kollegas Heyns en Spijker [32]).

„Het is wel waar dat de Synode tot de inlijving of adoptatie heeft besloten, maar het is alsnog twijfelachtig of de Transvaalschen de voorwaarden gaaf zullen aannemen daar zij op de officiële mededeeling niet hebben geantwoord".

Dit wil dus voorkom dat daar 'n mate van twyfel bestaan het of die inlywing, na die besluit van die Sinode, 'n afgehandelde saak was. Dit is ook volkome verstaanbaar omdat die gronde vir die inlywing, soos deur die Sinode geformuleer, 'n ander terminologie en 'n presieser inhoud het as die vier vrae waarop die gekombineerde Kerkraadsvergadering en die Volksraad bevestigend geantwoord het. Die saak was dus, wat die Sinode betref afgehandel indien die Transvaalse gemeentes en die Volksraad die gronde vir inlywing, soos deur die Sinode opgestel, finaal sou bekragtig.

In Transvaal het die situasie egter grootliks verander vanweë die feit dat ds. Dirk van der Hoff op 27 Mei 1853 te Potchefstroom aangekom

---

30) A. Dreyer, *a.w.*, bls. 183.
31) A. Dreyer, *a.w.*, bls. 181.
32) S. P. Engelbrecht, *Die N.H. Gemeente Potchefstroom*, bls. 42. S. P. Engelbrecht, *Die Geskiedenis van die N.H.K.*, bls. 82 maak die opmerking dat die onwilligheid wat die Kaapse predikante en kerklike owerhede aan die dag gelê het om Ds. van der Hoff uit die Kaap na Transvaal weg te help, saamgehang het met die feit dat hulle éérs die finale aanvaarding van die inlywing deur die Transvalers wou gehad het, voordat hulle Ds. van der Hoff sou help.

het om die ampswerk van predikant in die Transvaalse gemeentes op hom te neem. Dit het beteken dat die Transvaalse gemeentes nou tóg 'n predikant het en dat die organisatoriese verbondenheid met die Kaapse Kerk nié meer 'n voorwaarde was vir die verkryging van 'n eie predikant nie. Die indruk wat deur die beskikbare stukke geskep word, is dat in Transvaal, toe van die koms van ds. Dirk van der Hoff gehoor is, eenvoudig van die hele aangeleentheid van die inlywing in die Kaap se kerklike organisasie afgestap is [33]). Terselfdertyd is op versoek van oudl. Ph. Snyman van Rustenburg, S. Kruger en H. A. Pretorius deur die Krygsraad op Rustenburg besluit dat 'n algemene vergadering van gemeentes en 'n Volksraadsvergadering gehou moes word in verband met die bevestiging van ds. van der Hoff én die vestiging van 'n sinodale verband vir die gemeentes in Transvaal [34]). Die Potchefstroomse Kerkraad wat op 6 Junie 1853 vergader het, het dan ook, nadat ds. van der Hoff as wettige herder en leraar van die gemeente aanvaar is, besluit om oor die inlywingsaangeleentheid eers raadpleging met die Kerkrade van die ander gemeentes te hou.

Hierdie raadpleging het geskied tydens die eerste Algemene Kerkvergadering van die Kerk in die Oorvaalse wat op 8 Augustus 1853 te Rustenburg byeengekom het. Die opmerklike hier is dat die notule van hierdie eerste Algemene Kerkvergadering geen aanduiding gee van die presiese konstituering van hierdie byeenkoms as 'n sinodale vergadering nie. Uit die notule is dit wel duidelik dat hierdie vergadering homself as 'n sinodale vergadering gekonstitueer het en assodanig beskou het en met dié verstandhouding sy besluite geneem het [35]).

Met hierdie vergadering is baie duidelik die voorafgaande selfstandige kerklike bestaan van die Voortrekkergemeentes bestendig en ononderbroke voortgesit. Die Algemene Vergadering het dus met sy be-

---

33) Vgl. die skrywe van Ph. Snyman van Rustenburg van 14 Februarie 1853 aan Gen. A. W. J. Pretorius.

34) Die Krygsraadbesluit lui as volg: tegelijk goede kerkelijke regulatien te maken en daar te stellen. Hieruit blyk dat die een voorwaarde van die inlywing, dat die Transvaalse gemeentes die Kaapse Kerkwet van 1842 moes aanvaar, nie vir die Krygsraad aanvaarbaar was nie.

35) Vgl. G. B. A. Gerdener, *a.w.*, bls. 211 asook bls. 582. Daarby kom die oorweging dat die vergadering, gesien sy presensielys, inderdaad 'n sinodale vergadering was aangesien dit 'n formele byeenkoms van die ampsdraers van die Kerk was om oor aangeleenthede te handel wat beslis binne die bevoegdhede van 'n sinodale vergadering lê. Dit is ook duidelik dat 'n gebrek aan kerkregtelike kennis meegebring het dat weinig aandag aan dergelike formele aangeleenthede gegee is en eers in 1862, met die aanname van die eerste Kerkwet van die Transvaalse Kerk is op 'n vaste grond gekom. Die gebrek aan 'n eie kerklike orde of wet of 'n definitiewe besluit daartoe maak die konstituering van die Kerk in sinodale verband daarom egter nie minder effektief nie. Die Kaapse kerkwet was, vanweë 'n vroeëre besluit, vir sover toepasbaar in swang wat die kerklike orde in die Oorvaalse betref. Tog bestaan die indruk dat die kerkmense self hulle nie veel daarvaan gesteur het nie.

sluit om die skrywe van die Kaapse Kerk in verband met inlywing te verwerp, niks meer gedoen as om die historiese lyn ononderbroke voort te sit nie [36]. Hierdie besluit van die Vergadering is deur die Kommissieraad van die Volksraad op 9 Augustus 1853 bekragtig [37].

Hierdie hele aangeleentheid het weer ter sprake gekom by die tweede Algemene Kerkvergadering wat op 22 November 1853 te Potchefstroom gehou is en waar in samesitting met die Volksraad eenparig besluit is om die inlywing te verwerp [38]. Sowel die Volksraad as die Algemene Kerkvergadering het hiervan aan die Kaapse Kerk berig gegee. Die motivering was dat die Kaapse Kerk nie 'n predikant gestuur het nie én dat die Transvaalse gemeentes hulle nie aan die Kaapse kerklike wette wil onderwerp nie.

> „De Nederduitsch gereformeerde Kerk in de Z. Afrik. Republiek beschouwd zich dus als eene onafhanklijke Kerk, onder haar eigen bestuur." [39].

In die skrywe van die Algemene Kerkvergadering is die volgende nog beklemtoon [40]:

> „ . . . . de Ned. Gereformeerde in deze gewesten wenscht, ofschoon onafhankelijk, een band van vereeniging aan te knoopen, ten doel hebbende de algemeene belangen der Ned. Gereformeerden in Zuid-Afrika te behartigen, en wederzijdsch elkander die broederlijke diensten te bewijzen, die het Evangelie zijnen belijders voorschrijft of beveelt".

---

36) Die feit dat die Kerk, wat sy naam betref, homself by sy eerste Algemene Kerkvergadering *Ned. Gereformeerd* noem, maak hieraan geen verskil nie. Die feit dat hierdie selfde Kerk in later jare uitsluitlik die benaming *Ned. Hervormd* gebruik, beteken ook geen breuk in die historiese lyn van die Kerk nie. Dit is nie eers nodig om analoë gevalle in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis te noem nie want dieselfde lidmate en ampsdraers in dieselfde kerklike verband noem hulleself in 1853 in die notules van die sinodale vergadering *Ned. Gereformeerd* en soms *Ned. Hervormd* en vanaf 1859/1860 byna uitsluitlik *Ned. Hervormd,* sonder dat daarmee enige verandering in kerkverband, leer of dienswerk van die Kerk gekom het. Om die historiese lyn van die Kerk alléén deur middel van die name wat vir die Kerk gebruik is, te probeer volg of aan te dui, trek die aandag af van die juiste historiese gang van sake. Terloops mag hier net daarop gewys word dat die getuienis oorweldigend is dat die gemeentes primêr verantwoordelik was vir die verwerping van die inlywing. Ds. van der Hoff se aandeel in hierdie verwerping van die inlywing moet as gering gestel word.

37) *Notule van die Volksraad,* Dl. II, bls. 138 - 139.

38) *Notule van die Volksraad,* Dl. II, bls. 171 stel dit so: Na rijpe overweging der Ed. VR aangaande de inlijving deeze gemeente met de Kaapsche Synode, is geheel en al terug getrokken, omreede de Synode niet aan onze wensch en begeerte voldaan heeft met ons een Leeraar te zenden en wij ons niet aan de Kerkelyke Wetten kunnen onderwerpen.

39) G. B. A. Gerdener, *a.w.,* bls. 583.

40) G. B. A. Gerdener, *a.w.,* bls. 584 vgl. in hierdie verband ook S. P. Engelbrecht, *a.w.,* bls. 92 vg.

Die totstandkoming van 'n sinodale verband vir die Transvaalse gemeentes in 1853 was dus net 'n logiese stap in die ontwikkeling van die onafhanklik-bestaande Voortrekkergemeentes in die Oorvaalse wat nooit formeel-organisatories onder die Kaapse Sinode geresorteer het nie. Verder het die totstandkoming van die sinodale verband van die Transvaales gemeentes die gang van sake in die Oranje-Vrystaat en Natal met iets meer as 'n dekade vooruitgeloop. Immers na die bekende Hofuitspraak van 1862 was sowel die Kerk in die Vrystaat as in Natal verplig om hulleself onafhanklik van die Kaapse kerklike verband te organiseer.

Dit is ook duidelik dat die Algemene Kerkvergadering se verwerping van die inlywing onder die Kaapse Sinode in 1853 dit net onderstreep het dat die Transvaalse gemeentes nog formeel nog effektief ooit opgeneem was in die Kaapse kerklike verband nie. Dit is daarom wel bevreemdend dat ds. van der Hoff en die Algemene Kerkvergadering soms na hierdie besluite en gebeure van 1853 as **'n afskeiding** verwys [41]. Nog organisatories, nog na die leer was daar ooit 'n afskeiding van die Transvaalse gemeentes van die Kaapse Kerk nie. Al wat gebeur het was dat die onafhanklik-bestaande Transvaalse gemeentes hulle op volkome gesonde, noodsaaklike en wettige gronde as 'n Algemene Kerkvergadering en as 'n selfstandig-geïnstitueerde Kerk in 1853 gevestig het.

Tog het die besluite van die Algemene Kerkvergadering wat so eenparig geneem is, nog ernstige reperkussies gehad en daaraan moet nog 'n oomblik aandag gegee word [42]. Sonder om die historiese agtergronde van die afskeiding van die gemeente Lydenburg in 1854 hier breed na te gaan omdat die historiese gegewens as bekend veronderstel mag word [43], moet slegs op die volgende paar punte gelet word wat kerkregtelik van groot waarde is om die hele situasie in sy korrekte perspektief te sien.

Op 31 Augustus 1854 het die Kerkraad van Lydenburg byeengekom en daar besluit om nie alleen die band met die Kerk in Transvaal en die ander gemeentes te verbreek nie, maar om ook ds. van der Hoff as predikant te bedank. In November 1854 het die Kommissieraad van Lydenburg toegestem dat die gemeente Lydenburg buite die bestaande Kerk om 'n predikant kon beroep en ook dat die gemeente organisatories ingeskakel kon word by die Kaapse kerklike organisasie [44].

---

[41]) Vgl. o.a. D. van der Hoff, *Eene Stem uit de Kaapstad ens.*, *Notule van die Algemene Kerkvergadering 1859*, D. van der Hoff, *Open Brief aan Ds. J. P. Jooste*, Potchefstroom 1871.

[42]) Vgl. S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 86. Die Badenhorst-geval in die gemeente Potchefstroom is 'n baie duidelike voorbeeld van skeurmakery.

[43]) Vgl. S. P. Engelbrecht, *a.w.*, bls. 100 vg.

[44]) Vgl. G. B. A. Gerdener, *a.w.*, bls. 595 en 606 asook *Notule van die Volksraad*, Dl. III, bls. 28. Dit is interessant om daarop te let dat die

Die belangrike vraag op kerkregtelike vlak is allereers of die gemeente Lydenburg wel deeglik deel uitgemaak het van die Transvaalse Kerk soos dit in 1853 geïnstitueer is. Met die konstituering van die Algemene Kerkvergadering te Rustenburg in Augustus 1853 was die kerklike ampsdraers van die gemeente Lydenburg nié teenwoordig nie. Maar met die Volksraadsitting wat in September 1853 te Lydenburg gehou is, word in die notule aangeteken [45]):

> „Den Ed. Volksraad . . . . zijn van gevoelens, als meede den Kerkeraad van Lijdenburg, dat onze Kerk op het oogenblik niet meer is verbonden aan de Synode der Kaap, . . . .".

Met hierdie uitspraak word wel baie duidelik te kenne gegee dat die gemeente Lydenburg homself as 'n integrale deel van die Transvaalse Kerk beskou het en ook die mede-verantwoordelikheid vir die besluit van die eerste Algemene Kerkvergadering aanvaar het. Met die tweede Algemene Kerkvergadering te Potchefstroom was daar wel ampsdraers van Lydenburg teenwoordig [46]) en het hulle daardeur nie alleen bevestig dat hulle deel van die Transvaalse Kerk is nie, maar ook het hulle aan die handelinge van die Algemene Kerkvergadering deelgeneem en sodoende die gesag van hierdie sinodale vergadering volledig erken [47]).

Wanneer die Kerkraad van Lydenburg egter in Augustus 1854 besluit, mede as gevolg van die optrede van H. T. Bührmann, om ds. van der Hoff af te dank en weer vereniging met die Kaapse Kerk te soek [48]) dan is dit baie duidelik dat die gemeente hier die sektariese weg van afskeiding bewandel. Inderdaad was die optrede van nóg ds. van der Hoff nóg J. A. Smellekamp in die hele twis wat te Lydenburg in 'n Kerkraadsvergadering van 27 Februarie 1854 ontstaan het volwasse of vererend. Dat ds. van der Hoff in die twis uiteindelik geseëvier het en Smellekamp uit die land verban is, is gesien die nagevolge van die hele aangeleentheid, maar baie betreklik. Dat ds. van der Hoff in sy hantering van die hele rusie ook nie die kerkregtelik-suiwere bane bewandel het nie, staan ook vas [49]). Tog het die Lydenburgse Kerkraad, kerkregtelik gesproke, 'n

---

45) *Notule van die Volksraad*, Dl. II, bls. 153.

46) G. B. A. Gerdener, *a.w.*, bls. 211.

47) Oor die gesag van 'n sinodale vergadering vgl. die kort maar saaklike uiteeisetting van S. J. Botha. *Ontleding van die Kerksaak van Trichardtsfontein 1893*, artikel in *Hervormde Teologiese Studies*, Jrg. 17, Pretoria 1962, bls. 10.

48) Vgl. G. D. Worst, *Die Gemeente Lydenburg 1850 - 1925*, bls. 19.

49) Die sensurering van J. A. Smellekamp deur die Algemene Kerkvergadering van Junie 1854, kan nie as 'n kerkregtelik-korrekte optrede aanvaar word die. Dat die gemoedere by hierdie geleentheid hoog geloop het, is wel duidelik, maar dit kan die foute wat hier deur die Algemene Vergadering en Ds. van der Hoff gemaak is, nie billik nie. Die indruk word wel geskep dat Ds. van der Hoff hier tipies soos 'n onervare predikant opgetree het.

enorme flater begaan want sonder om korrek op te tree naamlik om 'n klag teen ds. van der Hoff te lê, het hulle uit die Kerk uitgetree sonder om rekening te hou met die Nederlandse Geloofsbelydenis [50]). Die Kerkraad van Lydenburg het in sy motivering van sy besluit wel 'n reeks beweegredes genoem wat die basis sou kon vorm van 'n klag teen ds. van der Hoff maar het by verre na nie aangetoon dat die Transvaalse Kerk 'n kerkverwoestende verband of 'n valse Kerk is of was nie [51]).

In die daaropvolgende gebeure wat gelei het tot die staatkundige afskeiding van Lydenburg naas die kerklike losmaking word dit duidelik dat Lydenburg en sy Kerkraad die rewolusionêr-sektariese weg verkies het bo die reformatories-kerklike weg [52]).

Die kerkregtelike beoordeling van die Lydenburgse optrede in 1854 is dus heeltemal anders as die van die konstituering van die Transvaalse kerkverband in 1853. Die gemoedelike wyse waarop 'n klein aantal jare later weer oor die heropname van die gemeente Lydenburg in die Transvaalse Kerk gehandel is sonder om hierdie prinsipieel-verkeerde optrede van Lydenburg in 1854 ter sprake te bring, wys daarop hoe argeloos die vadere oor die kerkregtelike aspekte van hulle optrede gedink het. Dit is en bly een van die groot probleme by die aanlê van 'n norm van beoordeling by die optrede van die vadere in die tyd wat agterlê Die kennis van die basiese kerkregtelike beginsels wat in 'n reformatoriese Kerk verwag kan word, het ten ene male net ontbreek. Juis dit maak dit moeilik om altyd vas te stel wat uit die verlede van die Kerk vir die hede van die Kerk bruikbaar is. Dat die Kerk egter, ondanks hierdie dikwels argelose en ook onnadenkende optrede van ampsdraers en lidmate tog gegroei en toegeneem en gebloei het, is 'n duidelike bewys daarvan dat die Here God die werk van sy hande nooit laat vaar nie.

— A. D. PONT.

---

50) Die Nederlandse Geloofsbelydenis art. 27 stel o.a.: Ons glo dat . . . hulle almal verplig is om hulle daarby te voeg (dit is die ware Kerk) en daarmee te verenig, om die enigheid van die Kerk te bewaar, om hulself aan sy onderwys en tug te onderwerp . . . en die opbouing van die broeders te dien.

51) Vgl. G. B. A. Gerdener, *a.w.*, bls. 595 vg.

52) Uit die aard van die saak het persoonlike en politieke rusies en simen antipatieë in hierdie saak 'n groot rol gespeel. Maar hoewel hierdie oorwegings die gebeure kan verduidelik, beteken dit nog nie dat dit die optrede kan regverdig nie. Daar moet ook nog op gewys word dat die Transvaalse Kerk en Ds. van der Hoff die afskeiding van Lydenburg nooit in hierdie lig besien het nie.